**Woensdag 21 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 12:1-21**
**Fokusgedeelte: Matteus 12:15-21 (vs 21) (1983- en Direkte Vertaling)**

## Christus is God se geregtigheid met barmhartigheid, ons hoop

Daar is ’n nuwe Hoop in Israel: Mense sien Een wat “groter as die tempel” is (12:6) in sy werk. Een groter as die Fariseërs se skynheilige wette waarin die Here nie geken is nie. Een wat in die reg van God barmhartigheid vir sy mense betoon. Daarom volg hulle Hom en Hy maak hulle almal gesond. Hulle begin insien dat Hy die Seun van God is in Wie die koninkryk (groter as die tempel) aanbreek. Hy genees hulle en belet hulle om Hom bekend te maak – daarmee is die Kneglied van Jesaja 42 vervul, sê Matteus.

Hy is voorwaar groot: die Geliefde van God, Hy maak God bly. Dit is ’n intieme verhouding – Vader en Seun. Die Gees van God is op Hom. Dit is tog nog nie tyd om sy grootheid bekend te maak nie, want eers moet Hy in ons plek die pad van lyding en offer loop, Hy is Dienaar. Die pad na heerlikheid gaan deur die dieptes van dood heen. Hy moet letterlik ’n swak riet word wat finaal gebreek word, ’n lamp met die lig uitgedoof. Hy kom nie twis uitlok en met groot reklame werk nie, Hy kom dien. Deur Matteus wys God ons Here aan ons: Hier is Hy, die Dienaar wat sterf omdat Hy uit die Gees teen die heersende magte in God se reg wat barmhartigheid wil, verkondig.

Vir elkeen wat onreg lyk, knak onder die druk van die wêreld, word Hy as die Hoop aangewys: In Hom kom God se reg en regstelling. Wie se lig dof brand, kom na Hom toe! Hy het die pad van dien tot die dood toe geloop en lewe nou! Wie se lewe vasgedraai het in wanhoop of die maalkolk van sonde, sal by Hom deel aan God se geregtigheid kry.

Lê jou eiegeregtigheid af, want God se wil wat reg is, seëvier. Die geknakte riet en dowwe lamppit is die worstelende menselewe met net daardie vonkie van geloof: In sy barmhartigheid minag Hy jou nie, maar herstel tot skynende lig. Hy tel jou op en God se oordeel oor jou is nou bevrydend, teenoor die veroordeling van alle onregverdigheid. Ons bring nie geskenke nie – Hy is die Geskenk uit Wie ons lewe.

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2*

*Ds. J (Jan) Malan (Burgersdorp)*